**28 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 5**
**Fokusgedeelte: Psalm 5:9**

**"Wees begaan oor jou beeld na buite. God is!!"**

Dawid word deur van sy eie mense vals beskuldig. Hulle nader hom met komplimente en dan maak hulle stories op en versprei leuens. Hierdie leuens maak Dawid so seer dat hy in diepe gebedsworsteling gaan. Dawid weet God ken die waarheid, en daarom pleit hy in sy gebed dat God sy vyande sal straf.

Die feit dat hy in die heilige tempel van God kan ingaan, is vir hom die bewys dat God hom aanvaar en genadig is. Tog is Dawid ook onseker oor die waarheid, want die feit dat God nie sy vyand straf – soos hy verwag het nie – laat hom aan homself twyfel. Vir Dawid is dit belangrik dat hy 'n gehoorsame lewe voor God sal lei. As hy God se wil doen, kan niemand hom meer beskuldig nie en dan kan God mense straf omdat hulle teen Hom is en nie teen wat hyself doen nie.

Is dit nodig dat ons as kinders van God begaan sal wees oor die beeld wat ons na buite uitstraal? Natuurlik! Ons moet omgee wat mense van ons dink. Ons is immers getuies en bewys van die vernuwende werk van die Heilige Gees. Ons is verlostes en dit is noodsaaklik dat ons soos verlostes leef. Wat die motiewe van Dawid se aanklaers was, weet ons nie, maar ons almal moet versigtig wees om ander te beskuldig.

Tussen gelowiges kom dit ongelukkig ook voor dat broers en susters mekaar verdink en van oneerlike motiewe beskuldig. In die omkeerstrategie waartoe ons kerke ons verbind het, is dit noodsaaklik dat ons eerlik en broederlik sal optree. Ons moet by God pleit dat Hy ons sal leer wat reg is, dat Hy ons sal help om sy wil te doen. Dan kan ons 'n positiewe invloed op mekaar hê.

*Sing: Psalm 25:1, 2 (1936)*

*Ds. A (Attie) Venter (Pretoria-Annlin)*